# BISHons Uitgewerswese (12240008)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 120 |
| **Kontak** | Prof EH le Roux beth.leroux@up.ac.za +27 (0)124202426 |

## Toelatingsvereistes

- BIS in Uitgewerswese of ’n aanverwante pakket of ooreenstemmende graad;
- ’n Minimum gemiddelde van 65% in die voorgraadse studie.

## Addisionele vereistes

Verwys na G Regulasies G16. tot G.29.

## Ander programspesifieke inligting

Behoudens die bepalings van G Regulasie G.18.3, moet 'n voltydse kandidaat vir 'n baccalaureus honoresgraad sy of haar studies binne twee akademiese jare (vier semesters), en 'n na-uurse kandidaat binne drie jaar (ses semesters) na eerste registrasie vir die graad voltooi. Die Dekaan kan egter, op aanbeveling van die Departementshoof, in beide gevalle die studietydperk met hoogstens twee semesters verleng.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 120**

## Fundamentele modules

### Navorsingsmetodologie 711 (INY 711)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Navorsingsmetodologie en die toepassing daarvan ten einde navorsingsprobleme op te los en nuwe kennis te skep, is 'n aanwins wat van waarde kan wees vir 'n persoon vir die res van sy/haar lewe. Die module is saamgestel met die volgende oogmerke in gedagte: om die student te onderrig in die basiese beginsels van navorsing en om aan hom/haar die geleentheid te bied om navorsingsprojekte op 'n professionele wyse uit te voer. Studente word gelei van die seleksie van 'n probleem tot die aanbieding van 'n volledige navorsingsverslag. Dit word gedoen aan die hand van praktiese voorstelle wat gebaseer is op 'n sterk teoretiese grondslag.

## Kernmodules

### Uitgewerybestuur: Bestuur en finansies 722 (PUB 722)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Hierdie module fokus op die teorie en praktyk van uitgewerybestuur. Aangeleenthede wat aangespreek word, sluit die volgende in: persoonlike vaardighede; algemene bestuursvaardighede; finansiële vaardighede; die ontwikkeling van nuwe produkte; kosteberekening; redaksionele aangeleenthede.

### Uitgewerybestuur: Organisasie en prosesse 723 (PUB 723)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Hierdie module fokus op die teorie en praktyk van uitgewerybestuur. Aangeleenthede wat aangespreek word, sluit die volgende in: menslike hulpbronne; regskundige vaardighede; projekbestuur; verkope en bemarking; kommunikasievaardighede; logistiek; leierskap.

## Navorsingsprojek 1: Die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf 724 (PUB 724)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Hierdie module is navorsingsgerig. Die fokus val op ontwikkelinge en tendense wat 'n invloed uitoefen op die waardeketting en verskaffingsketting van die plaaslike boekbedryf.
Die oorkoepelende doelstelling van die module is om navorsing te genereer wat kan bydra tot inligting oor die samestelling en grootte van hierdie kulturele bedryf.

## Navorsingsprojek 2: Die internasionale uitgee-omgewing 725 (PUB 725)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Hierdie module is navorsingsgerig. Die fokus val op wêreldwye ontwikkelinge en tendense wat 'n invloed uitoefen op die uitgee van boeke as kulturele bedryf. Die navorsingsterrein sal jaarliks bepaal word deur 'n seleksie van relevante wêreldwye praktyke wat plaaslike ontwikkelinge en tendense beïnvloed.

## Redaksionele praktyk: Gevorderde redigering en redaksionele projekbestuur 728 (PUB 728)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |

| | |
|---|---|
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 en Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die taalredakteur vervul ‘n sleutelrol in die uitgee-waardeketting, insluitend die redigering en proeflees van manuskripte, die opstel en bestuur van begrotings en skedules, asook toesig oor en bestuur van die hele projek tydens die produksiefase. Hierdie module bou voort op studente se begrip van en vaardighede in redaksionele praktyk, insluitend gevorderde redigering, projekbestuur ten opsigte van redaksionele en produksiefunksies. Die module fokus ook op die teorie van redaksionele praktyk, insluitend redaksionele benaderings en beleid.

## Keusemodules

### Gevorderde elektroniese uitgewerswese 712 (PUB 712)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 besprekingsklasse per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die doel van hierdie module is om studente verder vetroud te maak met die ontwikkeling, ekonomie en aflewering van elektroniese publikasies. Studente ontwikkel sterk e-produksie vaardighede deur 'n praktiese implementering van publikasie werksvloeie vir verskeie publikasies. Studente implementeer ook 'n besigheidsplan vir die verspreiding en bemarking van hierdie publikasies.

### Redaksionele praktyk: Lysbou en koop en verkoop van redaksionele regte 729 (PUB 729)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 en Semester 2 |

**Module-inhoud**

In die kern van die uitgee-waardeketting vervul die werwingsredakteur of uitgewer take soos die werwing van nuwe titels, die ontwikkeling van skrywers, die bestuur van 'n publikasielys en die verhandeling van redaksionele regte. Hierdie module bou voort op studente se begrip van en vaardighede in werwing en die verhandeling van redaksionele regte, met 'n spesifieke fokus op die strategiese en finansiële aspekte ten opsigte van die opbou van 'n publikasielys en beleid en prosedures ten opsigte van die verhandeling van redaksionele regte.

## Geskiedenis van die boek 730 (PUB 732)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

This module provides an introduction to the history of the book, examining key themes of book production, distribution, authorship and reading. Attention is also given to the development of a textual and print culture in South Africa.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.